# VOORGESKREWE GEDIGTE – AFRIKAANS
# GRAAD 7

**Die groot saam-loop**

*Bok bok bok makierie*
*roep die bokmakierie*
*en klap sy vlerkies bly*
*Aan hom speel die groen*
*en aan hom speel die geel*
*so koggel hy vir my!*

*Bok bok bok makierie*
*roep die bokmakierie;*
*en sing en fluit en raas*
*Hy roepsoek na 'n wyfie*
*Hy roepsoek na haar lyfie*
*en gorrel groot geraas!*

*Kok kok kok kewiet*
*skerts sy wyfie ja,*
*lok hom met haar lied*
*lok hom met haar lied*
*En – daar gaan hy agterna!*

*Bok bok bok mawiet*
*Bok bok bok mawiet*
*soet die tweetjies saam*
*Die lieflike geluid*
*nooi my salig uit:*
*Kom saam, kom saam, kom saam!*

**George H. Weideman Uit: Hondegaloppie Voortrekkerpers**

**JA-NEE**

Al vertel sy graag
hoe sy hom haat,
moet jy dit nooit ooit glo nie.
Ons almal weet maar alte goed
dis geheel en al nie so nie.

As die seuns haar voorkeer
en haar terg:
"Jy's mal oor hom,né ?"
ruk sy haar op – kastig vererg.

Maar vir haar maats
sal sy haar geheim vertel
en as húlle eers weet,
weet elke pel!

"Hou tog my geheim," smeek sy.
Hulle belowe plegtig in een koor
en só maak sy doodseker
dat die hele skool gaan hoor!

Soos springmielies
ontplof
haar maters in een keer.
Nou wag sy gloeiend en uitdagend:
hy sál die storie hoor…

Nou waarom dan nie duidelik wys
dat sy tog van hom hou?
Wel, weet jy dan nie meisies sê
op hul eie manier: "Ek hou van jou"?

**Anoniem**